

Karen Garner en Chantelle van Staden*

Namate ons samelewing al hoe meer tegnologiesgedrewe word, neem die vraag na geskoolde werkers op die gebiede van Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde (oftewel STEM) toe. Dit is dus nie verbasend dat baie lande in hoër onderwys belê om formele opleiding in hierdie vakgebiede aan te moedig nie.

'n Gewilde STEM-vakgebied waarin studente hulle aktief op 'n loopbaan voorberei, is ingenieurswese met toelatingsyfers wat jaarliks styg. Met die toenemende belangstelling in ingenieurswese het die vroueverteenwoordiging stadig maar seker in die vroeë 2000's regoor al die ingenieursgebiede gegroei.

Dié syfers het egter die afgelope paar jaar afgeplat. Dit is veral sigbaar op die gebied van elektriese en elektroniese (E&E) ingenieurswese, waar minder as slegs 15% van die reeds klein groepie gegradueerde vroueingenieurs nog steeds wêreldwyd in die vakgebied is. In vergelyking is die vroulike verteenwoordiging in wetenskap en alle ingenieursvakgebiede in Europa meer as 40%. Hulle het inisiatiewe wat jongmeisies gedurende hul primêre skooljare aanmoedig om die ingenieursveld te betree en hoewel hierdie blootstelling nodig is, word hul loopbaankeuse hoofsaaklik op sekondêre en tersiêre onderrigvlak beïnvloed en besluit.

Op Vrouedag (9 Augustus) en gedurende Vrouemaand moet ons onself daaraan herinner dat met vroue wat amper 50% van die wêreldbevolking uitmaak, dit logies is om hul deelname aan die werksmag aan te moedig om alle mense se lewensgehalte te verbeter. Hoewel meer vroue vir voorgraadse ingenieursprogramme in E&E inskryf en die ingenieursberoep betree wanneer hulle afstudeer, is dit waarskynliker dat vroueingenieurs die vakgebied sal verlaat in vergelyking met hul manlike eweknieë.

Ten slotte ...

Die skep van werkomgewings wat 'n werk-lewe-balans vier lei tot 'n toename in deelname en produktiwiteit. Dit stel vrouewerknemers en ma's in staat om veilig te voel in hul rol en in die werkplek. Werksbevestiging is van onskatbare waarde en is dikwels die rede waarom werknemers by 'n maatskappy en in die ingenieursveld as 'n geheel bly.

Vroue ondervind veelvoudige struikelblokke wat toegang in ingenieurswese as 'n vakgebied te studeer en tot die ingenieursbedryf bemoeilik. Deur verskeie toepaslike beleide en benaderings met die verloop van tyd toe te pas, kan ons dit makliker maak vir vroue om ingenieurs te word. Dit sal ook geslagsgelykheid in die vakgebied laat toeneem en bevorder.

Terwyl beter toegang tot inligting en rolmodelle vroue kan aanmoedig om ingenieurswese te studeer, is werk-lewe-balans en mentorskap uiters belangrike sleutels om hul deelname aan en retensie in die sektor te verbeter. Dit sal ook hul kansen om leierskapposisies te bereik, verbeter.

Ondersteuningstrukture regdeur hul studiejare en loopbane kan geleenthede vir vroue skep om netwerke te vorm en hul eie deelname in die ingenieursberoep uit te bou.

Dit moenie aan vroue oorgelaat word om bestaande stereotipes af te breek en struikelblokke te verwyder nie. Mans kan ook 'n waardevolle stem wees om verandering vir vroue aan te moedig en af te dwing. Deur saam te werk kan ons die aantal vroueingenieurs laat toeneem.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Drr Karen Garner en Chantelle van Staden is dosente in die Departement Elektriese en Elektroniese (E&E) Ingenieurswese aan die universiteit Stellenbosch.**